# BOEDELBELASTING

## Wat is nuut?

**21 Februarie 2018 - Boedelbelastingkoers styg van 20% na 25% op hefbare bedrag van boedels groter as R30 miljoen.**

## Wat is boedelbelasting?

Boedelbelasting is betaalbaar op die boedel van elke persoon wat afsterf en wie se netto boedel R3.5 miljoen oorskry. Dit word gehef teen die koers van 20%.

Boedelbelasting word gehef op eiendom van inwoners en Suid-Afrikaanse eiendom van nie-inwoners minus toelaatbare aftrekkings. Die regte word gehef op die hefbare waarde van 'n boedel teen 'n koers van 20% op die eerste R30 miljoen en teen 'n koers van 25% bo R30 miljoen. 'n Basiese aftrekking van R3.5 miljoen word toegelaat in die bepaling van 'n boedel se aanspreeklikheid vir boedelbelasting asook aftrekkings vir laste, bemakings aan openbare weldaadsorganisasies en eiendom toegeval aan oorlewende eggenote.

## Wie is verantwoordelik vir die invordering van boedelbelasting?

SARS is verantwoordelik vir die invordering van boedelbelasting.

## Hoe lig ek SARS van 'n afgestorwe boedel in?

**Top wenk:  Selfs al is boedelbelasting nie betaalbaar nie, moet jy SARS van die persoon se afsterwe verwittig.**

'n Eksekuteur moet SARS in kennis stel van die afsterwe deur:

- die naaste SARS-tak te besoek, of
- 'n e-pos te stuur aan die SARS-kontaksentrum naaste aan die Meester van die Hooggeregshof waar die boedel geadministreer word.

Vind meer uit oor hoe om 'n bestorwe boedel te registreer.

## Teen wanneer is boedelbelasting verskuldig?

Boedelbelasting is betaalbaar binne een jaar vanaf die datum van afsterwe of 30 dae vanaf datum van aanslag, indien die aanslag binne een jaar na datum van afsterwe uitgereik word.  Tans word rente teen 6% per jaar gehef op laat betalings.

## Boedelbelasting navrae kan gerig word aan:

SARS-kontaksentrum by 0800 00 7277
Per e-pos aan estateduty@sars.gov.za